Langenhovenpark
Die GEMEENTE
vir elke generasie

# WEEKLIKSE NADENKE

***Jesaja 40: 21-22***

*21 Weet julle nie?*

*Hoor julle nie?*

*Is dit nie van die begin af*

*aan julle bekend gemaak nie?*

*Het julle nie begrip van die aarde*

*se fondamente nie?*

*22 Dit is Hy wat troon*

*bo die ronde skyf van die aarde;*

*die bewoners daarvan*

*is soos koringkrieke.*

Ons almal weet hopelik dat die ganse skepping hoort aan die Here, daar is geen wese, mag of krag wat groter of sterker is as ons God. Dit is Hy uitsluitlik wat eienaarskap en segenskap het oor die heelal. En alhoewel ons soms toe laat dat die ego te groot word en onder die illusie begin leef dat ons in beheer is van ons eie lewe, herinner hierdie teks ons dit kan nie verder van die waarheid af wees nie. Dit herinner ons dat die sorge, laste, stressors ens. ook in die Here se hande is. Hy help ons nie net deur die moeilike tye nie, maar het reeds bepaal hoe die moeilike tye gaan eindig. Mag hierdie wete ons gerus stel wanneer die uitdagings weer kom, mag hierdie waarheid ons anker wanneer die storms losbars en mag ons Here vir ons uitwys wat lê aan die anderkant van die berge wat ons trotseer.

Volg die skakel na Geloofsentrum se aanlyn Bybelskool indien jy verder wil oplees en leer - https://youtu.be/ysWzByHGspw